**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## JUNIE EKSAMEN 2018

## GRAAD 9

**PUNTE : 120**

**TYD : 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye**

**INSTRUKSIES:**

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder geen omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

3. AFDELING A: Leesbegrippe en Visuele tekste [40]

   AFDELING B: Taal [80]

4. Beantwoord al die vrae.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke vraag.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

**VOORSPOED!!**

**AFDELING A: LEESBEGRIPPE EN VISUELE TEKSTE**

**VRAAG 1 : - Vriende speel 'n belangrike rol in ons lewens**

Lees die volgende artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.



*Tjommas, pelle of maatjies* – noem hulle wat jy wil, maar sonder hulle kan die meeste van ons nie klaarkom nie ...

1. Een tiener slaap met haar selfoon onder haar kussing sodat sy nie belangrike boodskappe mis nie en 'n ander een kry meer as 100 *whatsups* terwyl sy in die bed is.

2. Klink dié gewoontes bekend? Wel, volgens baie tieners is dit belangrik om beskikbaar te wees as jou vriende jou nodig het. Tieners stuur en ontvang meer as 3276 *whatsups* per maand. " Wanneer ek vir iemand 'n boodskap stuur, voel ek nie alleen nie", het een graad 9 leerder gesê. Navorsing wys dat vriendskappe baie belangrik vir tieners is.

3. Navorsing [research] onder tieners bewys dat die volgende dinge vriendskappe laat werk: Eerlikheid was bo-aan die tieners se lysie van vriendskapwaardes. " As my hare lyk asof 'n voël daarin nes gemaak het, wil ek beslis hê my vriendinne moet my sê", vertel Semoni. " Jy mag en moet vir jouself opstaan as jou vriende bo-oor jou loop", sê Sanet. " Christel waarsku dat vriende mekaar nie moet beledig of simpel laat voel nie."

4. Ondersteuning [support] van jou vriende is ook baie belangrik vir tieners. 'n Vriend is iemand wat die simpelste ding op die snaaksste tyd sal sê; net om te keer dat jy huil as jy hartseer is. Iemand wat in jou moeilike tye daar vir jou is. Volgens Adrian moet vriende mekaar altyd help en ondersteun. Christel sê: " Ek wil hê my vriende moet vir my sê wanneer ek iets verkeerds doen, want dan weet ek hulle gee regtig vir my om. Ek wil nie hê my vriende moet vir my sê " ruk jouself reg" nie! Hulle " reg" is nie altyd my " reg" nie".

5. Saamwees is baie belangrik vir tieners. " Ek en my vriende is omtrent die hele dag saam. Ons oefen sport saam, kuier saam, praat oor hoe moeilik en onregverdig die lewe is en probeer mekaar uit die kwaad hou," sê Adrian.

Vriendskappe kan jongmense teen hartseer en depressie beskerm, wys navorsing wat verlede jaar onder tieners en amper-tieners gedoen is.

6. Dit is belangrik om baie vriende te hê. Ons almal het daardie een of twee spesiale vriende, maar sorg ook dat jy ander vriende het. So leer jy hoe om met geaardhede oor die weg te kom. Jy hoor ook van ander belangstellings en opinies. 'n Gebalanseerde vriendekring is baie belangrik.

[Bron: Google.za.com]

**VRAE:**

1.1 Gee TWEE ander woorde vir vriende wat in die leesstuk voorkom? [2]

1.2 Wat doen sommige tieners in die aand om nie belangrike *whatsups* te mis nie? Haal 7 opeenvolgende woorde as antwoord aan. [1]

1.3 Waarom, volgends die graad 9-leerder in paragraaf 2, stuur tieners so baie *whatsups?*[paragraag 2] [1]

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

"As my hare lyk asof 'n voël daarin nes gemaak het." [paragraaf 3] verwys na

A. baie deurmekaar hare.
B. hare met voëllinte daarin.
C. netjiese, gekamde hare
D. 'n tipe haarstyl [1]

1.5 Skryf die volgende sinne in die korrekte volgorde volgens die teks neer.

- Christel sê dat vriende mekaar nie moet beledig of simpel laat voel nie.
- Tieners stuur en ontvang meer as 3276 *whatsups* per maand.
- 'n Gebalanseerde vriendekring is baie belangrik.
- Semoni wil hê haar vriende moet vir haar sê as haar hare lyk asof 'n voël daarin nes gemaak het.

1.6 Noem EEN ding wat 'n vriend kan doen om ander vriende goed te laat voel. [Paragraaf 4] [1]

1.7 Watter TWEE dinge, volgens Adrian, doen vriende gewoonlik saam? [2]

1.8 Kies uit KOLOM B die woord wat by KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer; bv. 1.8.1 A

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.8.1 Adrian, Christel, Sanet en Semoni | A. Rugby en netbal |
| 1.8.2 " Jy lyk aaklig in daardie rok!" | B. Simpatie |
| 1.8.3 " Toemaar, kom ons gaan drink 'n melkskommel" | C. Graad 9-leerlinge |
| 1.8.4 Sportsoorte | D. Navorsing |
| | E. Belediging |

[4]

1.9 Noem die TWEE emosies waarteen vrienskap 'n mens kan beskerm [protect].
Jou antwoord moet TWEE APARTE woorde wees. [paragraaf 5] [2]

1.10 Haal EEN WOORD uit paragraaf 6 aan wat 'n " groep mense in noue kontak met mekaar" beteken. [1]

1.11 Wat dink jy is 'n goeie vriend? Jou antwoord moet 'n volsin wees. [1]
**[20]**

**VRAAG 2: WENKE**

Lees die volgende wenke vir honde-eienaars en beantwoord die vrae.

**WENKE VIR ALLE HONDE-EIENAARS**

DBV
SPCA

Jy moet jou hond goeie kos gee om hom sterk te maak. Gee hom ook 'n bietjie vleis wat deel van sy natuurlike kos is.

Maak seker dat jou hond ALTYD genoeg vars drinkwater het. Dit moet op 'n koel plek neergesit word.



Jy moet jou hond teen die koue, reën en die warm son beskerm. Maak vir hom 'n hok met 'n houtvloer om op te slaap. Gee vir hom ou komberse of matte om op te lê.

Oefening is baie belangrik vir jou hond. Honde moet hardloop om oefening te kry sodat hy gesond bly en nie vet word nie.

Versorg jou hond wanneer hy siek is. Neem hom na die veearts of DBV toe. Moenie te lank vat voordat jy hom neem nie, want dit kan sy siekte vererger. Maak ook seker dat jou hond al sy inspuitings kry. As 'n hond met hondsdolheid 'n mens byt, kan jy doodgaan.



Wees goed vir jou hond, want as jy hom goed behandel, sal hy jou altyd liefhê en beskerm. Hy voel ook pyn soos jy; jy moet hom nooit skop of met klippe gooi nie

**[Verwerk uit: Dierebeskermingsvereniging pamflet]**

**Vrae**

2.1 Waarvoor staan die afkorting DBV? [1]

2.2 Vir wie is hierdie artikel spesifiek geskryf? Haal 3 opeenvolgende woorde as antwoord aan. [1]

2.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Jy moet jou hond ook vleis gee want

A. honde hou van vleis.
B. dit is wat hy in die natuur sou eet
C. mense eet ook vleis.
D. vleis is die goedkoopste kos vir jou hond. [1]

2.4 Kies uit KOLOM B wat pas by die plek in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer; bv. 2.4.1 A

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.4.1 Neem jou hond hierheen vir inspuitings. | A. 'n Liefdevolle huis |
| 2.4.2 Die hond se waterbak | B. veearts |
| 2.4.3 Waarop jou hond slaap. | C. Hondehok |
| 2.4.4 Wat elke hond wil hê. | D. In 'n koel plek |
| | E. Ou kombers |

[4]

2.5 Waarom word sommige honde [volgens die teks] vet? [1]


2.6 Teen watter natuurelemente moet jy jou hond beskerm? Skryf drie APARTE woorde as antwoord neer. [3]

2.7 Watter ernstige siekte word in die laaste paragraaf genoem wat honde kan kry? Skryf net die WOORD as antwoord neer. [1]
**[12]**

**VRAAG 3: Visuele Teks**

Bestudeer die volgende statistieke en beantwoord die vrae wat volg.

# Die wêreld se rykste mense in 2017




Bron: Forbes

Grafika24

**Vrae:**

3.1 Watter land het die meeste ryk mense? [1]

3.2 Watter maatskappy word twee keer genoem? [1]

3.3 Watter maatskappy het die naam van die stigter? [1]

3.4 Wie is die jongste rykste man op die lys? [1]

3.5 Watter van kom twee keer op die lys voor? [1]

3.6 Voltooi die volgende sin. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Amancio Ortega 'n Spanjaard; dus kom hy van die land…… [1]

3.7 Wat, dink jy, verkoop Carlos Slim se maatskappy? [1]
Gee die standaard Afrikaanse woord as antwoord.

3.8 Waar het Grafika 24 die inliging gekry? [1]
**[8]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**AFDELING B: TAAL**

**VRAAG 1: Woordstrukture**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prentjie gebaseer.
Skryf elke keer net die vraagnommer en antwoord neer.




1.1 Gee die **MEERVOUDE** van die onderstreepte woorde. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.1.1 Die leerling het twee branderplank in sy kamer. [1]

1.1.2 Die seun, Hansie, lig albei sy oog vir die onderwyser. [1]

1.1.3 Daar is baie rekenaar in die klaskamer. [1]

1.1.4 Die gordyn in die klaskamer is blou. [1]

1.1.5 Hansie het baie foto van rekenaarspeletjies in sy kamer. [1]

1.1.6 Hansie se ouma het baie <u>kleinkind</u>. [1]

1.2 <u>Kies die korrekte woorde uit die blokkie om die volgende sinne te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

| | | |
|---|---|---|
| rekenaarspeletjie | boks | skaatsplank |
| branderplank | stoei | krieketkolf |

1.2.1 Buksie skaats graag op sy........ [1]

1.2.2 Buksie gaan naweke strand toe en ry die golwe op sy...... [1]

1.2.3 Buksie slaan 'n ses met sy........ [1]

1.3 <u>Voltooi die sinne deur die korrekte **VOORSETSELS** in te vul. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

1.3.1 Hansie is baie lief...... rekenaarspeletjies. [1]

1.3.2 Meneer gaan 'n verslag.......Hansie skryf. [1]

1.3.3 Die skoolklok lui...... twee-uur. [1]

1.3.4 Hansie loop .......voet skool toe. [1]

1.3.5 Hansie raak gereeld voor die rekenaar........die slaap. [1]

1.4 <u>Voltooi die volgende deur die korrekte **VRAAGWOORDE** in te vul.</u> Die antwoorde word gegee om jou te help. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.4.1 ...........leer die leerlinge om met rekenaars te werk? Die onderwyser. [1]

1.4.2 ...........kan die seun nie doen nie? Sy speletjie *save*. [1]

1.4.3 ...........kom die rekenaars? Van Japan [1]

1.4.4 ...... ....... lui die klok? Nege-uur. [1]

1.4.5 ...........rekenaars is in die klaskamer? 30 rekenaars. [1]

1.5 <u>Voltooi die volgende sinne deur die korrekte **VOORNAAMWOORDE** in te vul. Skryf net die nommer en antwoord neer.</u>

1.5.1 Hansie se vriendin, Sarah, hou van ...[Hansie]...... [1]

1.5.2 Sarah vra vir Hansie of ……… haar met *save* kan help. [1]

1.5.3 Hansie sê: "…… is klaar met my werk." [1]

1.6 Kies die korrekte **VOORNAAMWOORDE** tussen die hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.6.1 Hansie kyk na [sy/hy] onderwyser. [1]

1.6.2 Die meisie in die klas tik op [sy/haar] rekenaar. [1]

1.6.4 Die kinders hou van [syne/hulle] rekenaarspeletjies. [1]

1.7 Gee die **KORREKTE AFKORTINGS** van die onderstreepte woorde. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.7.1 Hansie wil na die Verenigde State van Amerika gaan. [1]

1.7.2 Hansie woon op die hoek van Skoolstraat en Boomstraat. [1]

1.8 Skryf die onderstreepte **AFKORTINGS** volledig uit. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.8.1 Hansie is nie die kapt. van die Rekenaarsklub nie. [1]

1.8.2 Hansie speel speletjies i.p.v. skoolwerk. [1]

1.9 Gee die korrekte **VERKLEINING** van die onderstreepte woorde. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.9.1 Hansie is die kleinste tiener in die klas. [1]

1.9.2 Hierdie is maar 'n kort naweek. [1]

1.9.3 Hansie se maat het maar 'n kort naam. [1]

1.9.4 Hansie kyk na die klein blom van *Solitaire*. [1]

1.9.5 Die kind se klein hand is beseer. [1]

1.10 Gee die korrekte **INTENSIEWE VORME** van die onderstreepte woorde. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.10.1 Hansie wil baie beroemd word. [1]

1. 10.2 Meneer is <u>baie seker</u> dat Hansie nie sy werk doen nie. [1]

1.10.3 Die rekenaar is <u>baie duur</u>. [1]

1.10.4 Die kinders sit <u>baie stil</u> toe Hansie die vraag vra. [1]

1.10.5 Die rekenaar se skerm is <u>baie helder</u>. [1]

1.11 <u>Voltooi die volgende **VERGELYKINGS.** Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

1.11.1 Daardie meisie is so skraal soos 'n........ [1]

1.11.2 Hansie is so lui soos 'n......... [1]

1.11.3 Hansie is so trots soos 'n ....... [1]

1.11.4 Hansie is so koel soos 'n ........ in die klas. [1]

1.11.5 Die skoolstoele is so blou soos ...... [1]
**[44]**

**VRAAG 2 : Sinstrukture**

Die taalvrae wat volg is op die volgende strokiesprent gebaseer.




2.1 <u>Skryf die volgende sinne in die **VERLEDE TYD** oor.</u>

2.1.1 Die pa vertel van sy kinderjare. [1]

2.1.2 Frankie lees die boek onderstebo. [1]

2.1.3 Die onderwysers by die skool moet vir Frankie leer lees. [1]

2.1.4 Ma het 'n vadoek in haar hand. [1]

2.1.5 Frankie sit en lees 'n Wiskundeboek. [1]

2.1.6 Daar is 'n skaatsplank langs die stoel. [1]

2.1.7 Frankie wil eendag 'n vlieënier word. [1]

2.2 Skryf die volgende sinne in die **ONTKENNING** oor.

2.2.1 Die skoolseun kyk eintlik televisie. [1]

2.2.2 Baie grootmense kla oor die tieners van vandag. [1]

2.2.3 Frankie het nog skaatsplanke in sy kamer. [1]

2.2.4 Ma en Pa is moedeloos oor Frankie. [1]

2.2.5 Iemand sal vir Frankie met sy skoolwerk help. [1]

2.2.6 Die ouers het al Frankie se skaatsplanke gebêre. [1]

2.3 Skryf die volgende sinne in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

2.3.1 Frankie is 'n baie lui leerling. [1]

2.3.2 Sy ouers het 'n leesprogram vir Frankie. [1]

2.3.3 Frankie en sy maats geniet sport. [1]

2.3.4 Die onderwysers straf die lui kinders in die klas. [1]

2.3.5 Frankie leer baie hard vir sy eksamen. [1]

2.4 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

2.4.1 Pa is baie kwaad vir Frankie. Hy moet takies om die huis doen. [daarom] [1]

2.4.2 Frankie gaan elke dag skool toe. Hy geniet dit nie. [maar] [1]

2.4.3 Frankie doen elke aand eers skoolwerk. Hy kyk TV. [voordat] [1]

2.4.4 Ma staan met haar hand op haar heup. Sy is baie moedeloos. [omdat] [1]

2.4.5 Pa se oë is baie swak. Hy dra elke dag 'n bril. [daarom] [1]

2.5 Skryf die volgende sinne in die **LYDENDE VORM** oor.

2.5.1 Frankie vertel baie stories aan sy ouers. [1]

2.5 2 Frankie sal die leestoets in die skoolsaal skryf. [1]

2.5.3 Die skoolhoof het 'n detensie vir Frankie gegee. [1]

2.5.4 Frankie lees die Wiskundeboek. [1]

2.5.5 Pa sal nuwe leesboeke koop. [1]

2.6 Skryf die volgende sinne in die **INDIREKTE REDE** oor.

2.6.1 Pa sê: "Frankie gaan vir leeslesse." [1]

2.6.2 Ma vra: "Het Frankie geleer?" [1]

2.6.3 Ma vra vir Frankie: "Kyk jy TV?" [1]

2.6.4 Frankie sê: " Dit is my skaatsplank." [1]

2.6.5 Ma sê: " Ek is baie teleurgesteld." [1]

2.7 Verbeter die **WOORDORDE** van die volgende sinne.

2.7.1 Die onderwyser [die leerders se toetse, merk, elke Vrydag] [1]

2.7.2 Frankie [ het, gedruip, sy leestoetse] [1]

2.7.3 Pa en Ma [ geskok, kyk, na Frankie se rapport] [1]
**[36]**

**TOTAAL VAN AFDELING B: [80]**

**GROOTTOTAAL: [120]**